



WIL KOALISIE TOT STAND BRING

Onder leiding van 'n deel van die Engelse pers is daar in politieke kringe die afgelope tyd voelers uitgestuur oor die moontlikheid van 'n koalisie tussen die twee Nasionaalgesinde partye en die Verenigde party.

Die Cape Argus het die voor-tou geneem deur te pleit dat 'n koalisie-regering die enigste oplossing is vir die ekonomiese probleme omdat die politieke twis daardeur beëindig sal word.

Die voelers is, te oordeel na uitlatings, taamlik koel ontvang en daar skyn geen moontlikheid te wees dat die regering in hierdie stadium vir so 'n koalisie te vinde sal wees nie.

Die toespraak van dr. Malan sal egter nuwe hoop laat opvlam in opposisiekringe.

NUWE SENATOR

Vir die vakante pos in die senaat wat ontstaan het as gevolg van die bedanking van die V.P.-senator, mnr. J. M. Brink, het die regering mnr. P. W. Joynt as hul kandidaat benoem en die V.P. mnr. C. W. Clark.

Aangesien die regering die meerderheid in die kieskollege het is dit 'n uitgemaakte saak dat mnr. P. W. Joynt tot senator verkies sal word.

ENGELSE PERS JUIG OOR TOESPRAAK

Die toespraak van die Eerste Minister waarin hy sy regering se buitelandse beleid aangekondig het, en veral sy uitlatings oor Suid-Afrika se verhouding tot die Britse Statebond, is geesdriftig deur die Engelse pers toegejuig.

In hierdie verband skryf die Cape Argus die afgelope naweek: „Die beleid wat hy aangekondig het, is realisties, wys en vërsiende en die land sal verlig voel nadat alle twyfel oor hierdie saak (die uittrede uit die Statebond — Red.) finaal verwyder is.”

Die Cape Times skryf: „Die algemene inhoud van die verklaring was 'n bewonderenswaardige uitdrukking van die Unie se verhouding met die res van die vrye wêreld, en sy wenk vir 'n spesiale ooreenkoms tussen onself en die Europese moondhede met belange in Afrika, is leiding, wat ons hoop, energiek opgevolg sal word.”

Die Sunday Times som sy indrukke onder drie hoofde op. „Ons eerste indruk is dat dit 'n toespraak is wat 'n Eerste Minister waardig is op die voor-aand van 'n belangrike sending — nie die van 'n enge partyman soos dr. Malan dikwels voorgekom het nie.

GOED VIR ALMAL

„Die tweede indruk is dat, as gevolg van gebeure in die buite-

land na die oorlog, daar nou 'n beter geleentheid is as enige tyd sedert Unie vir die formulering van 'n buitelandse beleid wat die hele Suid-Afrikaanse volk kan steun.

„Die derde is dat dit 'n tragedie sal wees as hierdie groot geleentheid vir eensgesindheid vernietig moet word deur republikeinse eise van onversoenlike persone soos dr. Verwoerd.”

Dagbreek en Sondagnuus verklaar ná ontleding van die posisie: „Wat wel moontlik is, indien dit die onderwerp van bespreking gaan wees, is dat dr. Malan die beginsel sal steun dat die republikeinse regeringsvorm en lidmaatskap van die Statebond nie onverenigbaar met mekaar is nie.”

O.B. SE STANDPUNT

Die O.B. se standpunt is natuurlik dat 'n republiek binne die Statebond 'n Empire-republiek, en dus gevaarliker sal wees as die huidige status. Ons verhouding met Brittanje in die huidige buitelandse toestand moet een van verdrag wees, soos die tussen Engeland en Amerika.

REPUBLIKEINSE FONDS STERKER

Die Propagandafonds van die Ossewabrandwag het 'n verdere stoot die afgelope week gekry toe hoofkomdt. P. P. Schoeman van De Rust £25 daartoe bygedra het. Dit bring die totale bedrag nou op £1,384 10s. te staan.

Verdere bydraes kan gestuur word aan Posbus 1411, Kaapstad.

Nou dat die republikeinse stryd uitsluitlik in die hande van die O.B. oorgegaan het, is sterkmaking van hierdie fonds dringend noodsaaklik.

Het Gepraat Na Volk Se Hart — In 1942

Op Maandag, 12 Januarie 1942, toe dr. Malan leier van die Opposisie was, het hy die volgende republikeinse mosie in die Volksraad ingedien:

„Met die oog op die ernstige krisis waarin ook ons land

weens sy deelname aan die oorlog betrokke geraak het, verklaar die Raad:

„Dat ons hoogste volksbelang alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek, afgeskei van die Britse kroon en Ryk en vry en onafhanklik van enige ander buitelandse mag;

„Dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie maar opgebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies, op die beginsels van volksregering soos beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse republieke, met wegbreking egter van alles wat vals en volks-skadelik is in die hier bestaande Britse liberalistiese demokrasie en met die nodige aanpassing by moderne omstandighede;

„Dat dit Christelik-nasionaal moet wees in wese en karakter en gegrond moet wees op die getroue inagneming van gelyke taal en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking; dat dit veilig gemaak moet word vir die blanke ras ooreenkomstig die voogdyskapbeginsel; en

„Dat dit doeltreffend beskerm moet word teen die kapitalistiese en parasitiese uitbuiting van sy bevolking sowel as teen ondermynende invloede van vyandigesinde en onnasionale elemente.”

In 'n hoofartikel na aanleiding van hierdie mosie, het Die Burger, dr. Malan se lyforgan, die daaropvolgende dag onder meer geskryf:

VOORGESLAG

„Die republikeinse strewe en stryd is geen uitvloeisel van die oorlog nie. Al was daar geen oorlog met die opoffering van ons hoogste volksbelange, met sy weergalose verkwisting van goed en bloed in belang van die Empire en kruiperige gediensstigheid aan Brittanje nie, sou

(Vervolg op bls. 8 kol. 4)

REPUBLIEK BELAND UIT KOELKAS IN ASBLIK

Dr. Malan het verlede Vrydag in die senaat alle hoop op 'n republiek in die nabye toekoms laat intuimel toe hy in die senaat „'n nuwe klank” — soos Die Burger dit noem — laat hoor het. Hy het aangekondig dat die regering tevrede is om in die huidige toestand van verbondenheid aan die Britse Statebond te bly solank daar geen inbreuk op die bestaande regte gemaak word nie.

Dr. Malan se toespraak is met groot toejuiging van Verenigde Party-kant ontvang, en etlike van hulle het hom van harte gelukgewens. Op die vraag van sen. Heaton Nicholls of dr. Malan nie sal toegee aan druk van O.B.-kant ten opsigte van die republikeinse ideaal nie, het dr. Malan onder groot gelag geantwoord dat hy nie met die Ossewabrandwag op sprekende voet verkeer nie. Sen. Nicholls het gesê dat dit 'n bemoedigende toespraak was en dat dit duidelik is dat Suid-Afrika uiteindelik eensgesindheid kry ten opsigte van sy buitelandse beleid.

Dr. Malan het gesê dat daar jare lank 'n stryd om meer vryheid was, en die strewe op die konstitusionele pad het die Unie tot die posisie gebring dat hy, al is hy lid van die Statebond, geassosieer met susterlande, tog in die volle sin van die woord daarop aanspraak kan maak dat hy 'n onafhanklike volk is. „Vandag is daar nie meer 'n seksie in Suid-Afrika wat 'n ander standpunt huldig nie.”

'n Lid van die Statebond word nie deur een volk of 'n kombinasie gedwing om enige rigting in te slaan nie. Dit is

die grondslag van die Statebond en spr. staan vierkantig daarby.

GOED SOOS DIT IS

Mits daar geen inbreuk op die vrye, onafhanklike regte van

Geen Gevaar Dat Aan O.B.-Versoek Voldoen Sal Word

Nadat dr. Malan sy toespraak waarin hy hom neêr-lê by die huidige dominiale status van Suid-Afrika, verlede Vrydag, gelewer het, het sen. Heaton Nicholls, van Natal, sy aandag gevestig op die verklaring van die Groot-raad van die Ossewabrandwag ten opsigte van die geleentheid om nou in Londen 'n republiek te kry.

Onder gelag het dr. Malan geantwoord: „Ons verkeer nie op sprekende voet met mekaar nie.”


Hierop het sen. Nicholls gesê dat hy nou weet die Eerste Minister nie aan politieke afpersing sal toegee nie.

eenhede van die Statebond is nie, solank daar geen perke op die Unie gelê word nie, selfs as die Unie sou besluit om 'n republiek te word, is die Unie nie van plan om daardie assosiasie te verlaat nie.

Suid-Afrika wil homself beskou as lid van nouer kring van sustervolke wat gemeenskaplike belange het, en daarom het spr. geen beswaar om as Eerste Minister 'n vergadering van eerste ministers van die Statebond by te woon nie.

JINGO'S JUIG

Dr. Malan se toespraak is toegejuig deur die Verenigde Party-senatore. Sen. Heaton Nicholls het gesê dat hy ten volle saamstem met die Eerste Minister en dat hierdie toespraak die onsekerheid wat daar bestaan het oor die



Vandag se pennie is môre se pond

... of, besparing verryk!

Sedert sy vroegste jare het VOLKSKAS spaarsin by die Volk aangemoedig en fasiliteite vir besparing daargestel. Tans het VOLKSKAS uitgegroe tot 'n handelsbank van landswe omvang, maar hy verwelkom en dien nog steeds die „klein spaarder” en bied nog dieselfde aantreklike spaar- en beleggingsfasiliteite aan.

Besprek hierdie fasiliteite met u naaste takbestuurder.



VOLKSKAS

BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)
HOOFKANTOOR: PRETORIA
New York Agents: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agents: Lloyds Bank Limited

Lawrence Se Redes Vir 4-Jarige Internering

Ses-sewe jaar gelede toe die destydse Minister van Binnelandse Sake, mnr. Harry Lawrence, vir mnr. Stephen Eyssen van Heidelberg laat interneer het, kon hy waarskynlik nooit droom dat hierdie persoon wat saam met honderde Afrikaners smaadhede aangedoen is, hom in die Volksraad tot verantwoording sou roep nie. Dit het egter hierdie week gebeur toe mnr. Eyssen die volksraad in besonderhede kon inlig oor wat hom te beurt geval het.

Hierdie onthulling van mnr. Eyssen het mnr. Lawrence die dag daarna uitgelok om te antwoord en te probeer verduidelik waarom die dinge gedoen is.

Mnr. Eyssen het onder meer vertel hoe blankes wat aangehou is vir internering op matrasse moes slaap waarop natuurlike die vorige nag geslaap het, hoe hulle met tronklepels moes eet, hoe manne by die kamphek nakend uitgetrek is om ondersoek te word en hoe daar op talle Afrikaners deur gehuurde persone gespioeneer is.

Spr. het gesê dat hy hierdie dinge vertel omdat die land nog altyd net die een sy van die saak gehoor het. Daar is ook nog baie geïnterneerdes wat gebrek ly en nie kans gekry het om te herstel nie. Daar was 6,000 geïnterneerdes en van 17,000 mense is leggers saamgestel.

VRYGESPREKTES GEINTERNEER

Mnr. Eyssen het na sy eie ondervindings verwys en gesê dat mnr. Lawrence op 13 Januarie 1942 in die Volksraad verklaar het dat spr. sy reg om appèl aan te teken uitgeoefen het, en dat die saak dus sub judice was. Dit was nie waar nie omdat daar op daardie stadium nie eens sprake was van die indiening van spr. se verweerskrif nie.

Die man wat aangekeer is, het geen kans gekry om hom te verweer nie. Mense wat deur

die howe vrygespreek is, is voor die hofsaal aangekeer met die oog op internering.

Kinders is aangesê om op onderwysers te spioeneer. Natuurlike is aangesê om dieselfde te doen. Spr. se briewe aan sy vrou is drie weke lank teruggehou en die storie is dan versprei dat hy 'n senuweeinstorting gehad het en in die hospitaal lê. Beroepe op die owerheid deur verantwoordelike liggame om spr. los te laat, het op dowe ore geval. Een telegram was egter genoeg om Moses Kotane (sekr. van die Kommuniste — Red.) dadelik los te laat.

BY GRAF GEVANG

Daar was grootskaalse misbruik van noodregulasies. 'n Verkeerskonstabel is in hegtenis geneem op die begrafnis van sy eie vrou en hy moes sy baba in die arms van 'n nie-blanke vrou stop. Mense met dieselfde name is verkeerdlik geïnterneer omdat hulle verwar is. 'n Jong seun wat in die kamp was se vader het 61 myl van die kamp af gesterf. Die man was byna rasend maar al sy versoeke om sy vader se begrafnis by te woon het op dowe ore geval. Pogings is aangewend om mense om te koop, het spr. gesê.

WEDDENSAP

'n Ander geval wat mnr. Eyssen genoem het is die waar twee kakieridders mekaar gewed het vir 'n bottel whisky wie van hulle eerste 'n sekere ou man van naby 70 jaar in die interneringskamp sal hê.

Spr. was drie jaar en sewe maande weg van sy huis en sy werk. Tot vandag toe het hy geen verhoor gekry nie. Dit was 'n deel van 'n proses van onderploeging. Die permanente en gevestigde volksdeel moes doodgemaak word.

In sy antwoord het adv. Lawrence gesê dat alles gesien moet word teen die agtergrond van die oorlog. Die destydse regering moes buite die Unie veg en het binnelands moet moeilikhede te kampe gehad. Daar was gevare van sabotasie en werklike sabotasie.

DIE REDES

Om te „bewys” dat die internering van mnr. Eyssen geregverdig was, het die voormalige minister voorgelees uit 'n dokument opgestel deur die appèlkommissaris. Die opsomming van die verslag lui:

„Eyssen maak daarop aanspraak dat sy houding volmondig pro-Afrikaans is wat, na hy verklaar, nóg pro-Duits nóg anti-Brits is. In werklikheid is dit albei. Dat dit anti-Brits is word bewys deur volslae onnodige, valse en klaarblyklik vyandige opmerkings wat hy gedoen het in verband met die onderrig van Engelse leerlinge in Engeland, die gebrek aan godsdienstige onderrig daar en die bevoegdheid en gedrag van

Het Onderwys In Brittanje Gekritiseer

Engelse geestelikes en deur sy onregverdigde en kwaadwillige klagte teen wat hy uitlanderisme noem.

„PRO-DUIITS”

„Dat hy pro-Duits is, is duidelik nie alleen uit die feit dat hy gedurig aan sy skool meegedeel het dat hy Hitler bewonder nie en Duitsland genoem het as die voorbeeld van tug, maar omdat hy aktief teen die regering se oorlogspoging gekant was, die troepe gedurig veroordeel en met minagting van hulle gewag gemaak het; op uiters onbehoorlike wyse geprobeer het om 'n leerling te belet om by die Suid-Afrikaanse magte aan te sluit en voortdurend luid was in sy lof vir die Ossewabrandwag lank nadat die regering staatsamptenare verbied het om aan daardie organisasie te behoort.

(Vervolg in volgende kolom)

„KOMMUNISTE WOU BELEID VOORSKRYF VIR VAKBOND’

Die Kommissie wat ondersoek instel na die sake van die Klerewerkersvakbond en tans in Kaapstad vergader, het die afgelope week geluister na getuienis dat alle belangrike besluite en korrespondensie van Kaapstadse vakbondleiers wat lede van die Kommunistiese Party is, eers noukeurig ondersoek word deur die Kommunistiese Party voordat daar opgetree word.

Hierdie getuienis is afgelê deur mnr. James Fortuin, 'n Kaapstadse klerewerker en voormalige voorsitter van die tak in Kaapstad. As gevolg van hierdie optrede van die Kommuniste het hy uit die Kommunistiese Party bedank. Hy het verder beweer dat die Kommuniste sterk verteenwoordig was op die bestuur van die Kaapstadse tak. Op 'n vraag of die Kommuniste probeer het om die beleid vir die vakbond voor te skryf, het getuie bevestigend geantwoord. Dit was die doel van die Suid-Afrikaanse Klerewerkersbond om die Kaapstadse klerewerkersvakbond heeltemal te vernietig as hulle

(Vervolg van vorige kolom)

„Volgens sy eie mededeling was die onderrig in sy skool van Christelik-nasionale aard wat as suiwer pro-Afrikaans beskou moet word en nie as pro-Duits of anti-Engels nie.”

In hierdie stadium het die Minister van Finansies, mnr. Havenga, uitgeroep: „Ag u dit voldoende rede om 'n man jare lank op te sluit?”

Mnr. Lawrence het gesê daar verskil van mening kan bestaan oor die gewig van die aanklagte.

nie daarin kon slaag om hulle te oorreed om by die Suid-Afrikaanse Klerewerkersvakbond aan te sluit nie, het mnr. Fortuin gesê.

Kravchenko Wen Sy Hofsaak

Victor Kravchenko, voormalige Russiese afgesant in die V.S.A. en skrywer van „I Chose Freedom” het sy lastersaak teen 'n Franse kommunistiese koerant gewen. Hy het 4,000,000 frank skadevergoeding geëis maar slegs 150,000 frank ontvang. Dit is sowat £140. Die Kommunistiese koerant is egter ook beveel om Kravchenko se koste te betaal wat op ruim £5,600 te staan kom en om die uitspraak van die hof op sy voorblad te plaas.

Die blad het te kenne gegee dat hy appèl sal aanteken.

Kravchenko het hiermee geslaag in sy oogmerk om voor die wêreld te bewys dat sy boek — waarvan opsommings ook in Die O.B. verskyn het — eg is.

Arb. Party Sien Sy Heil In Nie-Blankedom

Een van die neweprodukte van die algemene verkiesing in 1948 en van die provinsiale verkiesings in 1949 is die verdwyning van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty van die politieke toneel. Die proses van aftakeling van die Arbeidersparty het in 1946 begin. In daardie jaar het die linksgesindes hul verowering van die Party voltooi en het die veteraanleier, wyle mnr. Walter Madeley, die Party verlaat.

Wyle mnr. Madeley het die Arbeidersparty beskou as die party van die blanke werkers van Suid-Afrika en as sodanig 'n party wat openlik sy deel moes bydra om die heerskappy van die blanke man in Suid-Afrika te handhaaf. Sy teenstanders, die linksgesindes onder leiding van mev. Jessie McPherson, het die kommunistiese standpunt van rassegeestelike voorop gestel en hulle wou die Arbeidersparty uitbou tot die party van 'n bonte proletariaat van blankes, kleurlinge, natuurlike en Indiërs.

Toe hierdie rigting in die Arbeidersparty begin seëvier het, het die Party begin doodgaan.

TERUGSLAE

Die eerste ernstige terugslag wat die party gekry het was sy vernietigende nederlaag in die stadsraadsverkiesings van Johannesburg in 1947. In 1948 het die party in die parlement

gekrimp tot 3 lede in die Senaat en 6 lede in die Volksraad. In 1949 het die Party in die provinsiale rade verdamp tot 1 in Kaapland, 2 in Transvaal, 0 in Natal. In die Vrystaat was die Party nooit 'n faktor nie.

Die Arbeidersparty se beleid om steeds ooreenkomste met die onwillige Verenigde Party te soek het die gevoel van verdeling waaraan lede van die Party begin ly het honderdvoudig laat toeneem. Noudat

POLITIEK IN OENSKOU DEUR 'N MEDEWERKER

dit vir selfs die vurigste pleitbesorgers van ooreenkomste met die V.P. duidelik geword het dat die V.P. nie die Arbeiders as bondgenote wil hê nie, moet die afgetakelde oorblyfsel van die Party noodgedwonge opnuut sy koers bepaal — moontlik tot spyt van sommige maar seer sekerlik tot blydschap van die linksgesindes.

AFHANKLIK VAN NIE-BLANKES

Daar is reeds aanduidings wat hierdie koers gaan wees.

Dit is betekenisvol dat mev. Jessie McPherson onlangs gekies is tot hoofsekretaresse van die Party!

In die jongste uitgawe van „Forward”, die orgaan van die Arbeidersparty, ontleed 'n artikelskrywer die toekomstmoontlikhede van die Party. Sy gevolgtrekking is dat die Arbeidersparty 'n onbeduidende party sal bly totdat die nie-blankes in Suid-Afrika die stemreg kry. Sy redes vir hierdie gevolgtrek-

king is die volgende:

„Sosialisme” — wat die ideologie van die Arbeidersparty is — strek tot voordeel van die proletariaat ten koste van die res van die gemeenskap. Die proletariaat verteenwoordig 68 persent van die bevolking en die res wat die sosiale voordele moet verskaf 32 persent. Daarom kan 'n „sosialistiese” party onder die demokratiese stelsel die bewind verower. In Suid-Afrika kan dit egter nie gebeur nie, want die proletariaat in ons land is die natuurlike en hulle het nie die stemreg nie! Die res, die 32 persent, is die blankes en omdat die Arbeidersparty die natuurlike moet bevoordeel ten koste van hulle sal hulle nooit vir die Party stem nie.

Daarom sal die Arbeidersparty maar niksbeduidend moet bly totdat . . . die natuurlike stemreg kry!

ANDER TUISTE

As dit die mentaliteit is wat in die Arbeidersparty gaan oorheers dan word dit tyd dat die behoudende blanke elemente in die Party 'n ander tuiste soek. Dit is betekenisvol dat terwyl ander partye, vernameel die Afrikanerparty en die H.N.P., blankeskap beklemtoon, verklaar die Arbeidersparty dat sy heil geleë is in die verkryging van stemreg vir die natuurlike. Geen wonder dat die Arbeidersparty uitgewis word nie.

Die vraag is wat gaan van die behoudende blanke elemente in die Arbeidersparty word? Daarop sal hulle self moet antwoord. Maar die feit van hulle bestaan — al is hulle getalle gering — is 'n faktor wat gedagtes in die rigting van politieke reorïentasie lei.

K93



in die BAD . .

Voeg K.W.V.-Eau de Cologne by die water om die gevoel van persoonlike frisheid te verhoog. En daarna . . . gee K.W.V.-laventelwater u die geurigheid van koel laventel.

KWV

-Eau de Cologne

EN

-Laventelwater

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (2)

VOLK HET VANDAG GEEN VERTEENWOORDIGING

In ons eerste artikel het ons daarop gewys dat dit onmoontlik vir 'n volksverteenvoordiger in die parlement is om volksbelang voorop te stel. Hy is 'n blote stemeenheid wat deur sy kiesafdeling aan die een of ander party toegeken word, en binne die kous van daardie party word aan hom uitgestip watter standpunt hy ten opsigte van die verskillende aangeleenthede moet inneem. En omdat die kous se enigste doel is om die party se eenheid — of belange — te beskerm, spreek dit vanself dat die voorskrifte aan hom uitsluitlik gebaseer sal wees op oorwegings van partybelang.

Die volksraadslid bevind hom dan in die posisie dat hy nie sy ideale van volkswelvaart voorop kan stel nie, omdat sy party daardeur benadeel kan word, maar buite die party het hy nog minder kans om dit toegepas te kry. Die gevolg is dat hy maar in die party bly sit en gehoorsaam beweeg soos die partysweep klap — „die tirannie van die partysweep,” soos dr. Malan dit gewoonlik noem.

Die vraag is nou hoe om uit hierdie bese kringloop te breek — hoe daarin te slaag om die volksverteenvoordiger in vryheid te stel om sy volksideale te verwesenlik sonder dat hy sy eie doel in die wyle ry deur blootstelling van sy enigste politieke instrument aan aanvalle en verswakking deur die opposisie.

As nou gelet word op die oorsaak van 'n party se kousdissipline, is dit moontlik om die uitweg te vind na 'n beter instrument. Hierdie oorsaak lê opgesluit in die feit dat 'n party as sodanig die regeringskussings verower en dan daarin bly so lank die meerderheid van die verteenwoordigers vir hom stem. Verloor hy 'n stemming oor 'n party van beginsel in die parlement, moet die regering bedank, en kom daar in elk geval niks van sy ideale te reg nie.

GEEN VERTEENWOORDIGING

Die nuttigheid en noodsaaklikheid vir 'n party om die bewind te „verower” moet dus verwyder word uit jou stelsel. En die voor die handliggende oplossing is dié wat ons in die Republieke gehad het — dat jou regering nie saamgestel word uit jou volksverteenvoordigers nie, maar uit bekwame kragte buite die volksverteenvoordiging. Immers, dit is 'n kolossale stuk volksbedrog om nog te praat van volksverteenvoordigers binne die parlementêre stelsel in 'n land waar die staatshoof — goewerneur-generaal — niks anders as 'n rubberstempel is nie. By wie verteenwoordig die L.V.'s hul volk? By die regering, natuurlik. Maar wie is die regering, of die kabinet? Dit is die volksverteenvoordigers wat deur die eerste minister, wat self 'n L.V. is, daartoe aangestel word. Daardie volksverteenvoordigers verteenwoordig die volk dus eintlik by hulself! En omdat hulle hul posisies uitsluitlik te danke het aan hul gesamentlike meerderheidsposisies binne die parlement, moet hulle met 'n ysterhand verseker dat hul posisies binne die volksraad en sodoende binne die kabinet gehandhaaf word.

MOET REGERING DRA

Op die manier is die volksverteenvoordiger nie meer 'n volksverteenvoordiger by die regering nie, maar 'n regeringstut — iemand wat die regering moet dra, in plaas van die regering te kritiseer wanneer hy die belange van die volk veronagsaam of in gevaar stel.

Hierdie taak, naamlik van kritiek of bewaking van landbelange, is nou oorgeplaas in die hande van die amptelike opposisie — ook 'n party. Net die opposisie-party het nou reg om die regering te kritiseer en die volk by die regering te verteenwoordig. Met ander woorde minder as die helfte van die volksverteenvoordigers verteenwoordig die volk by meer as die helfte van die volksverteenvoordigers. Dit is soos 'n tweeslagtige dier. Alle in van volksverteenvoordiging is oorhoord. Die oorspronklike idee van volksverteenvoordiging is tog immers dat die regering bevrug moet word met die volkswil deur middel van die verteenwoordigers wat daardie volkswil moet oordra op die regering.

VYANDE

Die ellende is egter dat die minderheid volksverteenvoordigers nie meer mense is wat guns vind in die oë van die „regering” nie — hulle is „vyande” wat op elke punt en om elke hoek beveg moet word. Die regering luister nie na hulle nie, want wat hulle te sê het word gesê met die doel om die regering „in diskrediet te bring by die volk”. Alle opbouwende kritiek het dus verval en gevolglik ook die lus om daarna te luister, behalwe in sover dit nodig is met die oog op selfverdediging. Die regering is dus negatief ingestel op die enigste kritiek wat hom nog in naam van „die volk daarbuite” bereik.

Die volk kon dus net so wel heeltemal sonder verteenwoordiging gewees het — miskien selfs verkiesliker daarsonder, want geen voordrag is nog beter as die voordrag van iemand wat aanstootlik is. 'n Toegegewing sal eerder kom in af-

wesigheid van 'n aansoek as wanneer die aansoek gedoen word deur 'n persoon wat gehaat word, en wat boonop sy aansoek juis doen met die oog (Vervolg op bls. 6 kol. 4)

PARLEMENT 'N KLUG WEENS KOUKUSBEHEER

Die gevaar van die stelsel van partykous wat die parlement reduseer tot 'n blote „registrasie-liggaam” is behandel deur sir Gilbert Campion, 'n voormalige klerk van die Britse laerhuis, toe hy 'n byeenkoms in Kaapstad verlede week toegesprek het.

Sir Gilbert het gesê dat op kousvergaderings lede die meerderheidsbesluit moet aanvaar, wat volgens sy ondervinding, altyd die mening van die ekstremiste binne die party is.

Dit word baie duidelik in baie dominiums gesien. Dit wil voorkom as of debatteer al sy waarde verloor het. As die kous klaar oor 'n stuk wetgewing besluit het, word dit onveranderd deur die parlement geforseer.

As mens hierdie alombekende waarheid wat deur hierdie Brit met sy rype ervaring van die

parlementêre stelsel so sterk beklemtoon is, in ag neem, klink onderstaande aanhaling uit Vrydag se Cape Times in verband met die Suidwes-wetgewing so belanglik dat mens nie kan verstaan dat daar koerantlesers is wat hierdie kaf elke dag sluk nie:

„Dit het al die kritiese mag van die Verenigde Party weer opgewek . . . Hulle het hard geveg om die verandering te verhoed.”

Asof 'n opposisie 'n kousbesluit van die regering kan verhoed!

Brittanje Het Hom Aan Beskaafde Oorlog Nooit Gehou Nie sê Brit

Die aantying dat Brittanje steeds die leiding geneem het in die omverwerping van erkende reëls van oorlogvoering wanneer dit hom gepas het, is vervat in die boek „Advance to Barbarism” wat onlangs verskyn het uit die pen van 'n Britse regsgeleerde wat 'n oorsig gee van die vooruitgang en teenswoordige verval van die beginsels van oorlogvoering in die geskiedenis van die mensdom.

Nadat hy die primitiewe tydperk behandel het waar geen genade aan verowerdes, soldate sowel as burgerlikes, betoon is nie, dui hy aan hoe die idee van menslike oorlogvoering in Europa ná die Christelike tydperk geleidelik ontwikkel het totdat vasgelegde kodes teen die agtiende eeu neergelê is. Een van die grondbeginsels van oorlogvoering was toe dat burgerlike persone wat geen deel aan die krygsverrigtinge neem nie, geregtig is op volle beskerming van liggaam en eiendom. Dit het 'n vaste reël geword dat die oorlog streng beperk moet word tot die krygsmagte en krygsterrrein.

Hierdie kode, so verklaar die skrywer, was gerugsteun deur die besef van Europese volke dat die een wat dit van sy kant breek onderhewig is aan vergelding vroeër of later. Gevolglik het almal op die vasteland hulle aan die reëls gehou deur al die oorloë.

UITSONDERING

In die geval van Engeland was daar egter 'n uitsondering. Hoewel die inwoners van Engeland ook geleer is dat verskrikking van die burgerlike bevolking gelykstaande was aan „'n hou onder die belt”, het Brittanje self nie die reël eerbiedig nie.

„Dit is merkwaardig dat die enigste volhardende weiering om aan die nuwe kode van beskaafde oorlogvoering te voldoen, van die kant van die Britse Admiraliteit moes gekom het. Lank nadat beskaafde metodes van oorlogvoering op land aanvaar was, het die Britte in die seeoorlog aangehou om hul vloot-oormag te gebruik om druk uit te oefen by wyse van die bombardering van kusstede. Beginnende by Diëppe, wat in 1694 feitlik vernietig is deur 'n meedoënlose bombardement, het baie min Franse havens gedurende die volgende honderd jaar aanvalle deur Britse vloete vrygespring . . . In die oorlog van 1812-14 is ook die kuste van Amerika op dieselfde wyse verwoes, en verskeie belangrike dorpe, veral Washington en Baltimore, is deur

landingsgroepe afgebrand met die uitgesproke bedoeling om die Amerikaanse volk te besiel met 'n „begeerte tot vrede.”

DIE REDE

Na nog enige voorbeelde te noem, gee die skrywer die volgende verklaring waarom Brittanje die enigste uitsondering was ten opsigte van die neergelêde kode van beskaafde oorlogvoering:

„Solank die Britse vloot die see beheer het, het die Britse volk geen rede gehad om te verwag dat die terugkeer tot primitiewe oorlogvoering op hulle toegepas sou word nie.” Die skrywer beweer dan dat nie een van die vastelandse volke van die beskaafde reëls afgewyk het nie, selfs in gevalle waar die versoeking soms byna onweerstaanbaar was. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die geval waar die Pruisiese leër ná die slag van Jena in 1806 die bittere koue weerstaan het sonder vuur „liewer as om beslag te lê op burgerlike store vol hout wat byderhand was, maar waarvoor

hulle nie geld gehad het om te betaal nie!”

TOTALE OORLOG TEEN BOERE

Die skrywer verwys na die Anglo-Boere-oorlog ook nog as 'n „beskaafde oorlog”, hoewel hy aan kaptein Liddell Hart „teensinnig toegee” dat die plan van lord Kitchener in 1900, om die platteland te verwoes, Boereplase af te brand en die vroue en kinders na konsentrasiekampe te verwyder waarin ongeveer 25,000 gesterf het, beskou kan word as die invoering van totale oorlog.”

Hy is nie baie geneigd om met die Britse militêre deskundige Liddell Hart saam te stem nie, en haal aan as voorbeeld van die menslike wyse waarop die oorlog wel ook gevoer is die geval (aan Boerekant) van genl. Dela Rey wat lord Methuen ná gevangenneming so spoedig moontlik teruggestuur het na die Engelse omdat hy vir die gewonde generaal nie die beste versorging kon bied nie! „Die (Vervolg op bls. 6 kol. 2)

WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

Het u

SPRINGBOK

Medium

probeer

Die Gelukkige Keuse

SPRINGBOK MEDIUM

20 SIGARETTE

SONDER WIKKE

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder kurk.

DIE O.B., WOENSDAG, 13 APRIL 1949

GEEN REPUBLIEK BINNE BRITSE STATEBOND

Dr. Malan vertrek hierdie week na Londen waar beslissings geneem sal word wat ook vir die Unie verreikende gevolge mag hê.

Engeland is in die posisie geplaas dat hy moet aanskou hoe sommige lede van sy ryk as gevolg van 'n nasionale ontwaking voorbereidsels tref om gebruik te maak van 'n reg wat hulle 'n twintigtal jare gelede in beginsel vergun is — dié van afskeiding. Die reg is indertyd juis gegee met die bedoeling om die Britse dominiums vir die Ryk te behou ooreenkomstig 'n resep van geharde imperialiste soos lord Durham en Joseph Chamberlain. Vir meer as twintig jaar het hierdie resep die Ryk aanmekeer gehou, maar dit was uiteindelik nie bestand teen die geharde verset van die Iere en die Oosterse ontwaking van die Indiërs nie. Van die kant van hierdie twee lande word die eenheid van die Britse Statebond nou in gevaar gestel, en al uitweg wat daar vir Brittanje oorbly om die toestand in sy guns te red, is om 'n formule te vind waarvolgens ledelande „republieke” binne die Britse Statebond kan wees.

INDIË S.A. VOOR

Hoewel Suid-Afrika altyd beskou was as 'n land wat saam met Ierland gereken moes word in die verset teen Britse imperialisme, strek dit nie heeltemal tot ons eer dat dit uiteindelik Indië was wat saam met Ierland hierdie plek ingeneem het om die verbodskeling van die Britse Ryk 'n stap verder te voer nie.

Met die wapen het ons volk indertyd selfregering afgedwing as een van die voorwaardes by die oorgawe van Vereeniging; deur taaie stryd het genl. Hertzog hierdie en die dominiale status omgeskep in die soewereine onafhanklikheid van die statuswette; die volgende stap is die verkryging van Suid-Afrika se republikeinse vryheid — buitekant die Britse Statebond en afgeskei van die Britse kroon.

In sy toespraak in die Senaat verlede Vrydag het die Eerste Minister uitdruklik verklaar dat „mits daar geen inbreuk op die vrye onafhanklike regte van eenhede van die Statebond is nie, is die Unie nie van plan om daardie assosiasie te verlaat nie.” Op die regstreekse vraag van 'n Natalse Empire-man het dr. Malan onder gelag van die imperialiste gesê dat hy nie met die republikeinse Ossewabrandwag op sprekende voet verkeer nie. Hy het ten duidelikste gesê dat hy „vierkant staan” by die huidige grondslag van die Britse Statebond.

Op sy beurt wil die Ossewabrandwag ook ten duidelikste sê dat hy vierkant staan by die Afrikaner-republiek, buitekant die Britse „Assosiasie” en afgeskei van die Britse kroon — m.a.w. los van enige konstitusionele bande — wat nie noodwendig selfstandige verdragsluiting uitsluit nie.

'n Nuwe bedreiging vir die Afrikaner se republikeinse ideaal het teenswoordig tevoorskyn getree. Die wenk word vryelik uitgespreek dat 'n Statebondslid 'n republiek kan word sonder om die Britse konneksie te verbreek. Dit is in stryd met die Afrikaner se tradisionele republikeinse ideaal en die O.B. verwerp sodanige kompromis geheelenal.

Die taak van die Ossewabrandwag sal deur die Londense konferensie net sterker beklemtoon word as ooit tevore.

As Hy Rooi Word — Welkom!

Die pers het verlede week met groot opskrifte die ondertekening van die Noord-Atlantiese Verbond aangekondig. Dit is voorgehou as 'n kragtige samesmeding van kragte teen die rooi gevaar uit die Ooste. Die bedoeling daarvan is om alle lande van Europa wat teen die kommunisme ingespan kan word, in die verbond op te neem. Vir die doel is selfs die Skandinawiese lande uitgenooi wat gevaarlik naby Rusland lê en dus blootgestel is aan die weerwraak van Stalin. In die Suide van Europa is naas Italië, 'n voormalige vyand, en Frankryk, wat net soos Italië op 'n kommunistiese vulkaan sit en dus eintlik tot 'n groot mate gebroke riete in die weerstandsorganisasie is, ook Portugal uitgenooi om lid te word. Dit was 'n besluit wat meer verstand geopenbaar het as wat mens in die laaste tien jaar van Westerse staatsmanne gewoon was, veral as in aanmerking geneem word dat Portugal vir 'n lang tyd al aangemerkt staan as 'n „fascistiese diktatuur”. Portugal het naamlik

(vervolg in volgende kolom)

TAAK VAN VROU IS DIE VAN MOEDER

Dit is opmerklik dat ons jong mense vandag vir feitlik alles ter wêreld opgelei word met 'n bepaalde doel voor oë, maar nie voorberei word vir hul eie gesins- en huwelikslewe nie hoewel laasgenoemde so te sê die belangrikste in menslike verhoudings is. In hierdie artikel, die laaste in 'n reeks waarin die O.B. se gesinsbeleid verduidelik word, word onder meer op die taak van die man en vrou in die gesin gewys. Ons wil lesers aanraai om hierdie artikelreeks te bewaar en goed te bestudeer.

Dit moet duidelik gestel word dat man en vrou volgens hulle onderskeie aard en aanleg 'n onderskeie maar wedersyds aanvullende taak en roeping in die volkslewe het. Die taak van die man is geleë in die behartiging van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou in die gesinshuishouding geleë is, — sy is die spil waarom die gesinsvorming en die gesinsopvoeding draai.

Die vrou se aandeel aan die breë volkslewe moet altyd as 'n bykomstige taak beskou word en mag haar nooit sodanig in beslag neem dat die vervulling van haar hoogste roeping daardeur in die wiele gery word nie. Hoewel bv. die vrou die volksorg beter as die man kan behartig, bly sy tog in die eerste plek die moeder van haar eie gesin.

Uit bostaande volg dit dat die vrou uit die aard van die saak nooit haar hoogste roeping in die beroepsarbeid kan sien nie. Die beoefening daarvan is vir haar iets tydeliks en so behoort dit ook te wees. Hierdie standpunt bring egter ook mee dat die vrou aan die beroepsarbeid vaarwel moet sê wanneer sy in die huwelik tree want dan lê daar vir haar 'n ander en hoër taak voor wat soveel van haar sal eis dat dit nie van haar verwag kan word dat sy ook nog in die beroepsarbeid werksaam

(vervolg van vorige kolom)

die parlementêre stelsel meer as twintig jaar gelede al oorbord gegooi nadat dit hom tot in die afgrond getrek het.

Langs Portugal lê ook 'n land wat deur middel van die parlementêre stelsel in die kloue van Moskou geval het, maar wat gelukkig na 'n harde stryd met die wapens deur genl. Franco, die Christen-staatsman, vir die beskawing gered is. Die Generaal het egter een sonde begaan wat hom vandag uitsluit van die Noord-Atlantiese Verbond en die V.V.O. — hy het hulp ontvang van Duitsland en Italië teen die Russiese vyfde kolonne.

Dat hy tydens die oorlog geweier het om sy land as 'n basis aan die Duitsers in ruil te gee vir hul verleende hulp, wil die Geallieerde slimmerds nog nie as genoegsame ontrou teenoor Duitsland aanvaar vir bondgenootskap teen die rooi vloedgolf nie. Die voorwaarde wat hulle stel is dat Franco moet plek maak vir die „demokratiese magte” wat hy omver gewerp het. Met ander woorde, indien Franco sy land weer oorlewer aan die magte wat hulp van Moskou ontvang het twaalf jaar gelede, die magte van anargie en revolusie, dan kan Spanje opgeneem word in die stryd teen Moskou!

Dat hy in daardie geval weer aan die kant van Moskou sal staan, is blykbaar bokant die begrip van staatsmannelikheid wat vatbaar was vir die oortuiging dat Stalin sy kanonvoer opgeoffer het vir demokrasie en die Christendom.

sal wees nie. Dit is niks minder as billik nie dat die getroude vrou uit die beroepsarbeid uitgeskakel moet word. Met die oog daarop moet die inkomste van die man voldoende wees vir die versorging van sy gesin en differensiële loonpeile vir getroude en ongetroude mans sal niks onbilliks wees nie. In elk geval moet in hierdie verband gesê word dat die beoefening van die beroepsarbeid deur die getroude vrou in die grond van die saak niks anders as konkurrensie met die moederskap en die gesinsvorming is nie.

OPVOEDING VIR GESINSLEWE

Dit is opmerklik dat ons jong mense vandag vir feitlik alles ter wêreld op stelselmatige wyse en met 'n bepaalde doel voor oë voorberei word maar nie vir hulle eie huweliks- en gesinslewe nie, hoewel laasgenoemde om so te sê die belangrikste menslike verhoudings is. Dit is nou die bedoeling om hier net kortliks aan te toon wat in hierdie verband gedoen kan word.

Die allereerste wat nodig is, is natuurlik dat seuns en dogters reeds voor die puberteitsleeftyd voorgelig moet word oor wat die aard van die verhouding tussen die twee geslagte behoort te wees. Hulle moet vroeg al begryp dat die twee geslagte baie van mekaar verskil en dat hulle op grond van daardie verskille elk 'n besonderse taak of roeping het waarvoor hulle reeds van die jeugdige leeftyd af voorberei moet word. Aan hierdie voorligting en voorbereiding kan die gesin, die skool en die jeugbeweging veel doen. Veral in die puberteitsleeftyd moet dit nie agterweê gelaat word nie. Die seun moet beseft dat hy 'n toekomstige vader van 'n gesin en die dogter moet weet dat sy 'n toekomstige moeder van 'n gesin is. In die volgroeiende lewensjare moet hulle gehelp word om te beseft watter verantwoordelijkheid in daardie hoedanigheid op hulle rus.

SEUN EN DOGTER

In die besonder moet daarop die nadruk gelê word dat by die jong man as toekomstige volwaardige staatsburger en vader van 'n gesin daardie gedissiplineerde manlikheid aangekweek moet word wat ons volk so broodnodig het. Met die oog hierop kan veral op die volgende gewys word as weë waarlangs lewensdissipline aangekweek kan word:

- Beroepsvoorbereiding en -beoefening.
- Spesiale volksdiens, veral in die vorm van hande-arbeid vir 'n minimum tydperk.
- Militêre opleiding vir 'n minimum tydperk.

Wat die jong meisie betref, moet dit veral beklemtoon word dat by haar 'n ontwikkelde vrouelikeheid aangekweek moet word. Beroepsvoorbereiding en -beoefening sal ongetwyfeld verantwoordelikeheidsgevoel by haar aankweek, maar met die oog op haar eintlike toekomstige taak moet meer nadruk gelê word op gesinsdiens. Daarmee word bedoel dat elke jong

meisie vir 'n minimum tydperk prakties voorberei moet word vir die behartiging van die taak van die huisvrou en moeder. As deel van hierdie voorbereiding moet sy dan vir 'n bepaalde tyd werk in families waar huishoudelike hulp nodig is. Die groot doel is om reeds by die volgroeiende jong meisie 'n egte gesinsbesef aan te kweek.

GESIN EN VRYETYDS- BESTEDING

Die probleem waarvoor ons hier te staan kom is dat die stedelike gesin meer en meer geatomiseer word in individue, d.w.s. sy lede word deur die gedifferensieerde arbeid en vryetydsbesteding sodanig geïndividualiseer dat die hegtheid van die gesinsbindinge versterk word. Daar is nie voldoende saamlewe en onderlinge meebeweging van die gesinslede nie. Daarom is dit nodig om daarop te wys dat die huislike samesyn bevorder moet word en dat die vryetydsbesteding, veral van die kinders en jongmense, ten dele aan die ouerhuis verbonde moet wees. Die onderlinge gesellige verkeer in die gesinswoning word te min deur die ouers aangemoedig en dit is o.a. om die rede dat die jongman soms tot so 'n mate van hulle eie gesinslewe vervreemd raak.

VOLKSVERBAND

Ons vind by ons volk die verskynsel dat baie gesinne eintlik buite die egte volksverband staan. Enersyds het ons die betergesteldes wat sodanig gedenasionaliseer is dat hulle 'n vreemde kultuur bo hulle eie verkies en in vreemde tempels aanbid. Andersyds het ons die armes wat die verwaarloosdes en verstotelingen van die volk is. Hulle staan steeds meer eenkant en het slegs 'n uiters geringe deel aan die voorregte wat die volkslewe bied.

Dit moet klaarblyklik ons doel wees om elke Afrikaanse gesin in die daadwerklike en lewende volksverband in te skakel sodat hy sy deel kan hê aan algemene voorregte wat die volkslewe bied soos geestelike en liggaamlike ontwikkeling by wyse van deelname aan die gesonde kultuurlewe, vryetydsbesteding, e.d.m.

Elke gesin moet sy volle aandeel hê aan die aktiewe volkslewe en ingeskakel wees in die positiewe volksrigting.

Hierdie noodsaaklike doelstelling kan eintlik alleen verwerklik word langs die weg van die georganiseerde volksbeweging wat vir alle volksbelange 'n oog het en wat in sy geledere inskakel, nie blote enkelinge nie maar wel gesinne.

BLOEDSUIWERHEID

Ten slotte moet net kortliks gekonstateer word dat die bevordering van 'n gesonde en hoogstaande gesinslewe een van die weë is waarlangs ons volk sy bloedsuiwerheid kan handhaaf. In Suid-Afrika is dit per slot van sake die Afrikaner by wie die bloedsuiwerheid die swaarste weeg en dis alleen hy wat kragtens sy historiese rassebeleid die blanke bloed in Suid-Afrika suiwer sal kan hou.

Gesin, bloed en vaderlandse bodem — dit is naas ons godsdiens en ons vryheidsliefde ons grootste en heiligste volks-erfenis.

(SLOT)

TEEN PARTYSKAPPE

Mnr. P. J. van der Westhuizen, Swartkop, Suidwes-Afrika, skryf:

Net 'n paar woorde in antwoord op mnr. G. J. Burger se brief in die O.B. van 16 Maart 1949.

Liewe vriend, laat ons tog liewer die Heilige Woord van God uit die politiek hou, want volgens 1 Kor. 11 vers 19, moet die beproefdes in die party-skappe bly as hulle klaar beproef is, of moet hulle daar uitgaan? Laat ons sien wat sê dieselfde apostel Paulus daarvan in Titus 3 vers 10-11: „Aan die man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek na die eerste en tweede vermaning, wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en self veroordeel staan”.

Nou gaan ons verder wat die apostel gesê het in Galate 5 vers 18-21: „Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik overspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat

sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.”

Liewe vriende, oorweeg die bogenoemde en lees dit goed, kyk wat spruit uit politiek vandag: Met partyskap is daar nie plek vir ons in die hemel nie. Dieselfde apostel het ons hier twee weë aangewys, ons kom nou by die tweede weg. Gelate 5 vers 22-26: „Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.”

Ek verlang om te weet wat die regte weg van die twee is, moet die beproefde van 1 Kor. 11 vers 19 as hulle klaar beproef is nie by die laaste weg aansluit nie om ook deel in die hemel te hê, of sal die Meester ook vir ons sê soos Hy in Mat. 6 vers 46 sê: En wat noem julle my Here Here en doen nie wat Ek sê nie?

Lees die paar verse onderaan en oordeel waarop ons gebou het.

Soos Ons Lesers
Dit Sien

Twaalf Lande Sluit Verdrag

Die ministers van 12 lande het hierdie week die Atlantiese Verdrag formeel in Washington onderteken. Die verdrag bind die lande om mekaar te help as een van hulle aangeval word. By hierdie geleentheid het Amerika verklaar: „Vir diegene wat hulle op pad van agressie begewe, is hierdie ooreenkoms 'n waarskuwing, naamlik dat as daar oortredings begaan word, wee die een wat dit begaan het.”

Die lande wat dit onderteken het is: Die Verenigde State, Brittanje, Kanada, Frankryk, België, Nederland, Luxemburg, Noorweë, Denemarke, Italië, Ysland en Portugal.

Die Studente van die Universiteit van Kaapstad het besluit dat hulle weer by N.U.S.A.S., die studenteligaam wat geen kleurskeidslyn erken nie, wil aansluit. 900 studente het ten gunste van affiliasie besluit terwyl 500 daarteen gestem het. Slegs 38 persent van die studente het gestem.

SAL VIR TAAK NIE TERUGDEINS NIE

Die O.B.'s van Uitenhage het 'n baie gesellige aand deurgebring by die huis van brandwag U. S. Bellingan waar die aanwesiges hulle vermaak het met Boerespeletjies. 'n Mooi bedraggie vir O.B.-dag is ingesamel.

Die Brandwagte was aange-naam verras toe genl. P. M. du Plessis sy verskyning maak. Hy het 'n kragtige en besielende rede gehou en veral die nadruk laat val op die noodsaaklikheid van die voortbestaan van die Republikeinse Ossewabrandwag waarin die Afrikaners, hoewel hulle van mekaar mag verskil, mekaar kan vind.

Die uitslag van die provinsiale verkiesing is 'n duidelike bewys dat daar nie teen republikeinse mede-Afrikaners gediskrimineer kan word nie, het spr. gesê. Ons het mekaar nodig en skinderpraatjies moet die nek ingeslaan word. Wat ookal vir ons voor die deur staan, met hulp van Bo sal ons staande bly; ons sal nie terugdeins vir ons taak nie.

Mnr. Havenga wat die voetspore van wyle genl. Hertzog volg, hou 'n baie belangrike sleutelposisie in die Suid-Afrikaanse politiek.—(Korr.)

GEWAPENDE DUITERS OM BLOKKADE TEEN RUSSE TOE TE PAS

Brittanje antwoord tans met 'n soortgelyke blokkade as die Sowjet in Duitsland ten einde te verhoed dat goedere uit Wes-Duitsland na die Russiese besettingsgebied gesmokkel word. Sowat 5,000 Duitse grenswagte onder Britse bevel sal hierdie blokkade handhaaf. Hulle is met vuurwapens toegerus.

Dit blyk al meer en meer dat fabriekstoerusting en ander voorrade uit die Weste na die Ooste gesmokkel word ten be-

hoeve van die fondse van die Kommunistiese Party. Onder die smokkelware is ook sy, tekstielgoedere, motorbande, staalonderdele, ens. Dit blyk dat die meeste goedere oor die grens van Tjecho-Slowakye gesmokkel word.

Onlangs het 'n handelaar in die Westerse gebied aansoek gedoen om 70,000 motorbande aan die Russiese besettingsgebied te verkoop. Verlof is hom geweier. Daarna is die bande aan 'n handelaar in Denemarke verkoop. Dit blyk nou dat die hele besending bande tog in die hande van die Russe gekom het. In die toekoms sal voorsorgmaatreëls getref word om toe te sien dat goedere uit die Weste nie in die hande van die Russe kom nie.

Hierdie maatreël volg op die aankondiging dat Brittanje goedere wat moontlik vir oorlogsdoeleindes gebruik kan word voortaan nie meer aan Rusland sal verkoop nie. Dit sluit ook die lande in wat Rusland steun. Amerika volg al 'n hele tyd lank hierdie beleid.

Nie lank gelede nie het Engeland nog spuitvliegtuigmotors aan Rusland verkoop!

(Vervolg van vorige kolom) jongmense hulle leen sonder dat hulle bewus is van die magte wat agter hulle sit.

Dat die ding uit Amerika oorgeplant is, verander niks aan hierdie vermoede nie. Hollywood het vol kommunistiese miljoenêrs gesit.

REPUBLIEK VIR WES-DUITSLAND

'n Ooreenkoms om aan die Duitsers in die Westerse besettingsgebiede van Duitsland waarskynlik teen die end van die Europese somer 'n federale republiek' te gee met inbegrip van 'n besettingstatuut om „demokratiese selfbestuur” te verseker is die afgelope week deur Amerika, Frankryk en Brittanje onderteken.

Dit is Duitsland se kans om hiervan gebruik te maak en tot die familie van Wes-Europa toe te tree, het die Britse minister van buitelandse sake na aanleiding hiervan verklaar.

Wanneer die republiek uitgeroep word sal die militêre regering vervang word deur drie Geallieerde owerhede elkeen met 'n Hoë Kommissaris. Hierdie drie sal saam die toekomstige beheerliggaam uitmaak. Die besettingsmagte sal egter onder militêre bevelhebbers in Duitsland bly.

VEESTAPEL IS UITGESLAG

Weens uitslagting gedurende die oorlog en die huidige droogte is daar nie meer genoeg vee om in die land se behoeftes te voorsien nie, het die Minister van Landbou verklaar.

Die toestand is veral kritiek ten opsigte van skape en beeste. Die uitslagting was so erg dat daar nie meer genoeg geteel kan word nie. Die Unie sal hom meer aan die gebruik van vis en varkveis gewoond moet maak.

In 1942 is daar bv. 4,600,000 skape geslag tans is daar maar 3,000,000 jaarliks beskikbaar. Tussen 1943 en 1947 het die skaaptotaal met 8,000,000 verminder.

Ten opsigte van beeste is die toestand ook ernstig. Gedurende 1935 tot 1939 is 56.2 persent per 1000 beeste geslag. In 1946 was hierdie syfer 75, in 1947 86.2, en in 1948 was dit 88.7.

Hier het ons nog 'n paalement vir die nuttelose oorlog van die Smutsbewind!

Dansgedoente Wat Allig Ge-inspireer Is Vanuit Moskou

'n Nuwe soort demoraliserende „tyd-verdryf” waarheen jong mense in die stede van die Unie uitgenooi word om hulle tydens die etensuur te vermaak, word tans wyd en syd gepropageer en georganiseer. Dit is 'n soort Amerikaanse ritteltit-dans, of soos dit in die land van sy oorsprong bekend staan „jive”. Ook Kaapstad het, net soos Johannesburg, 'n slagoffer hiervan geword. Spesiaal afgerigte pare gaan die skare voor onderwyl die gehoor uitgenooi word om deel te neem.

Of die danssoort in sy oorspronklike vorm bedoel is om te wees wat hy hom in Kaapstad voordoende, is nie bekend nie, maar dit is duidelik dat alle perke van welvoeglikheid en beskaaftheid oorskry word wanneer mans en meisies op 'n manier wat bedoel is om die donkerste drifte aan te wakker, op die verhoor beweeg.

Die „vermaaklikheid” bestaan daaruit dat groot groepe jong mense van etlike honderde in een of ander teater saamgetrek word waar hulle 'n toegangsfooi betaal. Onderwyl 'n orkes, waarvan die lede merendeels Jode skyn te wees, prikkende ritteltit-musiek speel, word die aanwesiges dan uitgenooi om te begin „jive”

SOOS BARBARE

Die „jive” bestaan daaruit dat 'n man en meisie met 'n lyfswaaiery, veral die onderlyf, begin wat enige barbaars om die biertop hulle sal beny. Om uitdrukking te gee aan die gevoel word kort-kort hard geskree. Wanneer die swaai van die onderlyf op die maat van die musiek 'n sekere stadium bereik het, ruk die paartjies mekaar woes rond; die meisie word in die lug opgegooi of in die rondte geswaai. Om nog verder uiting te gee aan die gevoelens spring die meisie wydsbeen op die man se heupe waar sy vir enkele oomblikke gesig aan gesig met haar maat vertoef.

ONDER DEUR

Die man op sy beurt duik dan tussen die meisie se bene deur terwyl sy as antwoord dieselfde doen. As dit nog nie genoeg is nie, spring die man oor die mei-

sie se kop deur op haar skouers te druk. Hierdie proses word afgewissel met ruk- en swaai-bewegings van die onderlyf, waarna die hele proses dan weer van voor af herhaal word... net 'n bietjie meer intens as die vorige keer. Alles geskied op die maat van prikkende, uitdartende musiek.

Hierdie afstootlike gedoente vind plaas ten aanskoue van honderde kinders tussen die vatbare ouderdom van agt tot sewentien (veral tydens die skool vakansie) wat handklappende die paartjies op die verhoog toejuig.

PRYSE

Na elke dag se ritteltit word pryse uitgedeel.

Dat daar van owerheids- en kerkweë nog geen harde waarskuwing uitgegaan het nie, is skynbaar slegs te wyte aan die feit dat die omvang en die banaliteit van die „spel” nog nie algemeen bekend is nie.

As gelet word op die gehalte „musiek” wat die mense tot hierdie verwringing moet aanmoedig, kan enigins besef word op watter peil dit gevoer word. Die titel van een geliefkoosde stuk wat deur die orkes geblêr word is by voorbeeld „Die hele boel van julle stink en dit geld ook vir my”.

KOMMUNISTIES?

Behalwe dat hierdie aanslag op die sedelikheid van die volk in Amerika sy eerste verskyning gemaak het, kan niemand die oorsprong daarvan bepaal nie. Sommige meen dat dit van inboorling-oorsprong is, maar die feit dat dit met soveel doelbewustheid georganiseer word, het die agterdog laat ontstaan dat

ons hier met 'n ding te doen het wat net sowel sy oorsprong in Moskou kan hê. Dit is 'n feit dat die kommunisme nie net 'n ekonomiese verskynsel is nie, maar in sy wese revolusionêr teen alle lewenswaardes is. Die ondergrawing en demoralisering geskied oor die hele linie van die menslike lewe — ook op die gebied van kuns. Vandaar die strenge kontrole in Moskou van die kuns.

Dit is dus net so moontlik dat ons hier te doen het met een van die fyn beplande kommunistiese ondergrawings waartoe (Vervolg in volgende kolom)

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

BESTEL ALTYD ALLE

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTE

BY

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

DU PLESSIS. — Aan Jan en Hannah, van Sanlam, Robertson, 'n pragtige seuntjie op 7 April. Ons innige dank aan die Goeie Gewer asook die dokter en mev. Roux. 13/4/1

VERLOWING

Aan familie en vriende maak ons hiermee bekend dat ons twee, **Dorah en Rassie (Straatjie),** verloof is. 13/4/1B

VAKATURE

MANLIKE junior assistent benodig. Doen persoonlik aansoek by: **D.K.B.-Groothandelaars Bpk.,** Selkirkstraat 23, Kaapstad. 13/4/2

GEVRA

Iemand met 30—40 goeie melkkoeie asook 'n trekker, om in vennootskap te gaan met aansoeker, wat 'n baie goeie stuk grond het met klein woonhuis en baie lande, voer is beskikbaar vir die winter. Asook van droogte geteisterde dele 200—300 skape en 100 aantal beeste om mee om die helfte te boer. Aanvraer staan alle koste, persoonlike onderhoud word verlang. Skryf aan: **D. P. Coetzee, Vaalbank,** Posbus 67, Utrecht, Natal. 6/4/2B.

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — **Munisipale Mark, Uitenhage.**

Adresseer u produkte — en wees **UTH** verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — **U. S. Bellangan,** 9/3/49 TK

PERSOONLIK

Kamerade! Kyk hier bo! Wie gaan offer wat ek vra? **ONDERSTEUNING!** — **U. S. Bellangan, Bennettstraat 11,** Uitenhage. 13/4/2

TE KOOP

ALSATIAN-HONDJIES uit kampioen-stamboekouers, 4½ maande oud. Kwaal en waaksam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/- — **Zeeman, Robertson.** TK/30/3

BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaak, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommisie, per 100 lb. sak. **K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.** T.K.

BOME, PLANTE EN SAAD

Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb.; £6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde uiesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-; Handelsnavrae verveelkom. — **Kango Saadkwekers, Posbus 107 Oudtshoorn.** 16/3/TK

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

MEDISYNE

BLJ JONK. Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** (Nr. 1) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appeltjies 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissies, posgeld betaald in Unie. Konstant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsse. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE, EERS** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is: **C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Bpk. **MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van **ELEKTRIESE APPARAAT** (Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabriek)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B.” gesien het.

Brittanje Het

(Vervolg van bls. 3 kol. 5)
gedagte om hierdie gevangene-neming te gebruik om die dood van Scheepers, Lotter en ander Boere-leiers wat kort tevore deur die Britte tereggestel is, te wreke, het blykbaar nie eens in die opregte gemoed van De la Rey opgekom nie,” aldus die skrywer wat ook nog byvoeg: „Hoe waardevol lord Methuen vir die Boere as 'n gyselaar ook al mag gewees het, was die gesondheid van 'n gevangene te heilig om in gevaar gestel te word deur hom in gevangenskap te hou!”

MEER AS PLIG GEDOEN

In kort kom die betoog daarop neer dat ten spyte van die „beskaafde” wyse van vredesluiting in 1902, Brittanje in hierdie oorlog die nuwe idee van „totale oorlog” ingevoer het, terwyl die Boere van hul kant selfs meer gedoen het om beskaafd te veg as wat die oorlogreëls voorsiening voor gemaak het.

Die derde aanklag wat deur hierdie Brit teen sy eie vaderland gemaak word — sonder dat hy doelbewus daarop uit is om sy eie land swart te smeer — is dat Brittanje tydens die afgelope oorlog die eerste maantheid in die geskiedenis was om die lugwapen teen burgerlike persone te gebruik. Tot so 'n mate was Brittanje vir hierdie misdaad verantwoordelik dat waar die oorwinnaars selfs die Russiese moord op

15,000 Poolse offisiere, soos bewys deur die eenparige bevinding van 'n neutrale kommissie kort na die moord, op rekening van die Duitsers geplaas het by die Neurenbergse verhoor, hulle dit nie gewaag het om die Duitse leiers te beskuldig van bombardering van burgerlike stede nie! Die rede hiervoor was dat daar in 1944 'n boek verskyn het van 'n hoë Britse lugmag-amptenaar waarin hy onweerlegbare bewyse gelewer het dat Brittanje die eerste was om lugaanvalle te loods op burgerlike bevolkings.

Hiervan sal ons meer besonderhede gee in 'n volgende artikel.

ARBEIDERS VERLOOR GROND

Die Britse Arbeidersparty is besig om grond te verloor, te oordeel na berigte wat uit Londen afkomstig is. Die verkiesing in die Londense graafskappe het so pas plaasgevind en daarin het die Arbeiders 26 setels verloor. Tans het hulle 64 setels teenoor die vroeëre 90, terwyl die Konserwatiewe ook 64 het in vergelyking met hul 28 van voorheen. Die Liberale party het net een setel verower terwyl die Kommuniste altwee hul setels ingeboet het.

Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:
.....
.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Geen Verteenwoordiging

(Vervolg van bls. 3 kol. 3)
op die hoeveelheid „diskrediet” wat hy die gewer daarmee kan aandoen.

NET NAMENS HOMSELF

Want die opposisie-party is as potensiele regering klaar al uitgeskud van alle aankleefsels van volksverteenvoordinging.

Hy het klaar reeds sy lede binne die kookus saamgebind tot 'n toekomstige regering wat afwerend sal staan teenoor die enigste oorblywende volkstem. Sy taak is nou net om die regering, dit wil sê die meerderheid van die volksverteenvoordigers so dood te kritiseer en so in „diskrediet” te bring by die volk dat die volk hom later weer die kans sal gee om sonder in agneming van die volkstem te regeer.

BLOTE FABEL

Binne die huidige stelsel het alle betekenis van die woord „volksverteenvoordiger” verval. Daar is nie meer plek vir die woord nie — dit is 'n oorlewering, 'n fabel uit vervloë dae. Al reg wat die volk nog het is om te kies tussen twee kookus-diktature wat na geen volksverteenvoordiger of volkswil luister nie. En hoe vry hierdie keuse nog boonop is, kan enigens bepaal word as in aanmerking geneem word dat elkeen van daardie diktature 'n deel van die volksmening beheers met sy pers, en wel tot so 'n mate dat hy 'n volk kan vra om oor 'n vergange oorlogsoptrede te stem op 'n tydstop wanneer ekonomiese heropbou die taak van die dag is, soos gebeur het op 26 Mei verlede jaar; of dat hy die volk kan

vra om 'n uitspraak te gee oor natuurelebeleid by 'n verkiesing wat gaan oor onderwys- en hospitaalsake, soos gebeur het op 9 Maart.

DIKTATUUR

Sterker as wat dr. D. F. Malan hierdie onvryheid in 'n toespraak op Stellenbosch uitgedruk het, kan ons dit nie doen nie (Die Burger 26 Maart 1941): „Maar hoe word ook die publieke opinie gevorm? Dit is veral deur die pers, wat die skool vir volwassenes is. Daardie pers is nie vry nie. Dit is in die lewe geroep deur sekere geldelike belange. Die pers moet sy baas dien en op die wyse word die publieke mening in Suid-Afrika gemanipuleer deur die geldmag. Waar dit die geval is, het die demokrasie 'n diktatuur geword, en daardie soort demokrasie moet weggeveeg word.”

Die vraag is nou: moet hierdie diktatuur deur 'n ander soort een-party-diktatuur vervang word, soos sommige die O.B. se beleid vertolk wanneer hulle sê dat parlementêre bestuur die wese van die demokrasie is? Dr. Malan self het die antwoord hierop as volg gegee in die selfde toespraak:

„Dr. Malan het gesê dat die demokrasie soos ons hom ken, die Britse parlementêre stelsel is. Daar is ook ander vorms van demokrasie en hulle verskil van mekaar. . . . As ons praat van die demokrasie wat ons nie wil hê nie, dan het ons in gedagte die Britse parlementêre stelsel, 'n stelsel wat 'n karikatuur is, en waar daardie stelsel 'n karikatuur is, hoef ons ons nie teen die demokrasie te verklaar nie.”

KOOKUS VRA MEER GELD VIR L.V.'S

Indien die voorstel van die H.N.P.-kookus wat waarskynlik binnekort aan die Minister van Finansies en Minister van Binnelandse Sake voorgelê sal word, tot wetgewing omgeskep word, sal die Volksraadslede benewens hul £1,000 per jaar in die toekoms ook nog sowat £150 per jaar ekstra ontvang. Dit sal bekend staan as 'n verblyfstoelaag omdat lede kla dat hulle nie met £1,000 per jaar kan uitkom nie.

Volgens die Vaderland berig is die mening vry algemeen op die H.N.P.-kookus gelug dat volksraadslede, dit besonder moeilik vind om die begroting te laat klop. Hulle verklaar dat baie geen byverdienste het nie.

Hulle vind die lewe in Kaapstad duur en dan besoek kiesers hulle daagliks wat getraakteer moet word. In die kookusvergadering is 22/6 per dag as 'n minimum-toelaag genoem. Dit is net soveel as wat staatsamptenare ontvang solank hulle in Kaapstad vir die sitting vertoef.

'n Afvaardiging sal waarskynlik mnr. N. C. Havenga en dr. T. E. Dönges oor die voorgestel-

de toelaag gaan spreek. Wetgewing sal nodig wees om dit van krag te maak.

Vroeg in 1946, toe veldm. Smuts Eerste Minister was, is die salarisse van L.V.'s van £700 per jaar na £1,000 opgeskuif en dié van Ministers van £2,500 na £3,000 terwyl die Eerste Minister daarna £4,000 in plaas van £3,500 ontvang het. By hierdie geleentheid is daar ook spesiale voorsiening gemaak vir die leier van die opposisie sodat hy £1,000 meer as 'n gewone L.V. ontvang, naamlik £2,000.

'n Salaris van £1,000 per jaar is iets meer as £83 per maand.

PRYSE DAAL IN V.S.A.

'n Verlaging van die prys van verbruikersgoedere het die afgelope week dwarsoor Amerika voorgekom en die hoop verwek dat inflasie sy laaste stuiptrekkings gee. Sommige prysvermindering was groot en ander klein maar dit het 'n groot verskeidenheid van goedere geraak. Sommige van duurder motors is ook goedkoper, asook motorbatterye.

As die vernaamste rede vir die besnoeiing van pryse word aan-gegeef die prysbewustheid van die publiek. Dit is moontlik dat hierdie prysvermindering ook in Suid-Afrika gevoel sal word.

SAL WEER ATOOMBOM GEBRUIK

As die welsyn van die V.S.A. en die vrye volke van die wêreld weer op die spel is, sal hy nie luiwer om weer die atoombom te gebruik nie, het pres. Harry Truman voor die Amerikaanse Kongres verklaar. Hy meen egter dat die Atlantiese Verdrag dit onnodig sal maak om weer so 'n besluit te neem.

Onlangs het Churchill in Amerika gesê dat Rusland net wag totdat hy self die atoombom het voordat hy sal optree.

Die Samesweerders

I

HOE BESOEK

Koos Pieterse was die besoek nie te wagte nie. As 'n skuldige gewete iets te wagte was, was dit in die vorm van 'n polisiepatroolie of 'n aantal speurders, maar nie van die Republikeinse Volksraadslid, meneer Josias van Vuuren nie. Ja, 'n moeilike posisie was dit. As dit die gereg was, wis Koos Pieterse wat om te doen. Daarvoor was sy reëlins vroegtydig reeds getref. Maar nou, hierdie neutrale hoogwaardigheidsbekleder? Koos Pieterse het hom voorgee om versigtig te wees.

Hy het die hoë gas ingenooi met praatjies oor 'n verrassende besoek. Of die eleksie dan vervroeg is? Hy het mós niks daarvan in die koerant of oor die radio gehoor nie? Sy gesig was die ene gespanne onskuld.

Nee, daar is nie sprake van 'n eleksie nie. Die besoek is met 'n persoonlike doel — 'n baie ernstige doel.

„Kyk, meneer Pieterse, laat ek maar met die deur in die huis val. Ek het nie gekom om politiek met u te gesels nie. Ek is hier in verband met die veiligheid van 'n persoon wat op die oomblik onder u beskerming is.”

Koos Pieterse het niteenstaande sy bruingebrande vel bleek geword. Bleek en rooi, koud en warm. Op die bewering het hy nog geen antwoord gehad nie. Deur sy gedagtes het dit geblits: Verraad! Dan is dit alweer bekend? Wie...? Maar hy maak net 'n afwerende gebaar.

„Meneer Pieterse, ek weet ons is dit nie eens oor die politiek nie. Maar laat ons mekaar nou as Afrikaners in vertroue neem. Ek weet u beskerming is al lank voortvluggend. Sy ouers kry swaar onder die toestande van spanning en onsekerheid. Ek is in 'n posisie om hulp te verleen, maar ek het u samewerking nodig.”

„Voor u verder praat, meneer van Vuuren, laat ons mekaar eers goed verstaan. Van wie praat u? Wie het u hierheen gestuur en wie het u die sogenaamde inligting gegee? U is seker bewus van mense wat dit hulle beroep maak om valse verklarings af te lê en skinderstories te versprei?”

„Dit is geen skinderstories nie. Ek praat van Grevelinck, Hans Grevelinck, wat verlede jaar uit die interneringskamp ontsnap het en sedertdien voortvlugtig is. Niemand het my ook gestuur nie; ek het uit eie beweging gekom. Feit is dat ek my eintlik skuldig maak aan 'n oortreding, 'n ernstige oortreding teen die staat. Maar ek is gewillig om die risiko te loop, terwille van 'n ou vriendskap met sy ouers en terwille van die saak.”

„Maar wie is u informant, die nuusdraer wat beweer dat Grevelinck onder my dak is?”

„Geen nuusdraers nie, meneer Pieterse. En niemand het beweer dat Grevelinck onder u dak is nie...”

Ongehoord en ongesien slaak Pieterse 'n diep sug van verligting.

„U het dan so ewe...”

„Ek het alleen beweer dat Grevelinck onder u beskerming is. Miskien het ek my te kras uitgedruk. Grevelinck se ouers het 'n paar dae gelede langs een of ander weg berig ontvang dat hy hom hier iewers skuilhou. Die oubaas het my dieselfde dag in die Kaap raakgeloop en gevra, byna gesmeek om tog iets te doen. Gisteraand het ek eers tuisgekom, en nou...”

„Maar waarom dan na my kom — die distrik is tog groot. Watter agterdog...”

„Geen besondere agterdog, meneer Pieterse. Ek is alleen daarvan bewus dat u in hierdie

afdeling die leier is van die beweging wat, wat...”

„Wat die moed het om voortvlugtiges te beskerm teen die onreg van die Staat, niteenstaande die risiko om ernstige oortredings te begaan?” Koos Pieterse het nou opgewonde begin praat.

„Stel dit so as u wil. Maar laat ons asseblief kalm bly, meneer Pieterse, en alle misverstand vermy. Ek het gemeen dat u my sal kan help om Grevelinck te spreek — in sy eie belang.”

Nou swyg albei. Meneer Josias van Vuuren voel verlig. Hy het die moeilike woord gespreek. As Pieterse net wil meehelp.

Pieterse besef die gewig van die moment. Gedagtes van agterdog, lokvalle, verraad wriemel in sy gemoed. Hy kan onmiddellik antwoord en alle verdenking vernietig. Elke sekonde wat hy swyg is 'n getuie teen sy voorgewende onskuld.

„Meneer van Vuuren, ek kan kortaf sê ek weet nie. As die

'n Verhaal Uit Die Oorlogsjare deur Johann Hendricks

polisie oor die informasie beskik wat u nou hier meedeel, sal my ontkenning aan u in elk geval niks beteken nie. Vir u miskien ook nie. U sal sê ek kan probeer uitvind — dat ek dit die maklikste kan vasstel. As u informasie juis is, is die veronderstelling miskien reg. Maar u moet my 'n kans gee om die situasie te oorweeg. In elke geval is dit vir my van belang.”

„Ek is bly dat u wil oorweeg om my te help. U hoef nie ooraastig te besluit nie, meneer Pieterse. Ek besef die moeilikhede verbonde aan die versoek maar dink net daaraan dat dit gaan om die toekoms van dié man, dat daar 'n siek moeder is wat die onseker toestand nie kan dra nie; enige oorlas van speurders, onrus kan haar lewe verkort. Daar is nou 'n moontlikheid om hieraan 'n einde te maak. As ons hierin kan slaag het u meer bereik as om herberg te verleen. En, waar ons in baie gevalle nie meer skouer aan skouer staan nie, is hier tog weer 'n geleentheid om as Afrikaners saam te werk.” Die Volksraadslid het net opgewonde begin raak in sy betoeg.

Na 'n rukkie sê Pieterse:

„Meneer van Vuuren, ek het oor die saak gedink. Ek is gewoond om eerlik te praat — veral met mense vir wie 'n man se woord sy eer is, en dikwels ook sy vryheid en sy lewe. Maar daar is ongelukkig ook diene vir wie 'n ander se vryheid en lewe niks is nie omdat hulle self geen eer meer het nie. U moet self besluit onder watter groep u val. In elk geval ek gaan eerlik wees en u behandel as 'n man van eer. Ons twee dink nie eenders oor hierdie besigheid nie. Ek vertrou niemand in hierdie sake nie, behalwe enkele uitgetoetste lede van my beweging. Dit is juis die oneerbaars wat agterdog tweede natuur by ons gemaak het. U weet ook dat ek u nie vertrou nie. Dat ek die hele besoek en gesprek met agterdog betrag. As ek u in verbinding sou stel met Grevelinck en sy veiligheid daardeur bedreig word, sal ek myself altyd verwy.”

„Maar my lieve meneer Pieterse, ek verseker u...”

„Meneer van Vuuren, die een versekering beteken vir my soveel as die ander. Daarom wil ek nog 'n paar vrae stel. Ver-

onderstel ek weet, of kan vasstel waar Grevelinck is, kan ek nie die boodskap aan hom oordra nie? Dit sal die risiko vir hom en vir my én vir u self verminder.”

„Ek vrees dit kan nie. Daar is soveel implikasies aan verbonde, dat ek dit self sal moet doen. 'n Ander moontlikheid is daar nie.”

Koos Pieterse huiwer nog. Vir homself sou hy die aanbod nie aanvaar het nie. Maar watter moontlikheid mag daarin skuil vir sy beskerming? En dan sy ouers? Mag hy uit blote wantroue — waarvoor hy, as hy eerlik daarvoor nadink, geen vaste bewyse het nie — mag hy uit wantroue oor 'n ander se lot besluis? Oor die lot van 'n kameraad? Maar aan die anderkant ook die veiligheid van 'n kameraad?

„Ek sal u 'n aanbod maak, meneer van Vuuren. Dit is nou tienuur. Gee my vier uur tyd om vas te stel of Grevelinck hier is, en indien wel, waar, en of hy u wil ontmoet. Die laaste moet ons in elk geval aan hom oorlaat. Nóg ek, nóg u kan vir hom daartoe dwing.”

„Dankie, meneer Pieterse. Ek ry nou hier oor na Groenpunt en bring die paar uur daar by my ou vriend, oom Jan Barnard, deur. Tussen twee- en drie-uur is ek weer hier.”

„Goed. Tot twee-uur dan. En nog één voorwaarde: geen sterfling mag weet waaroor u my vanoggend kom spreek het nie.”

„Ook goed. Trouens, ek kan u nou moeilik verrai sonder om self in die pekel te beland. Ons is nou feitlik samesweerders!” En meneer van Vuuren lag hartlik oor die avontuurlike gedagte.

(Word vervolg)

WIL ROOIES NOU WEER AFSKEI NA VERBROEDERING

Die Britse, Amerikaanse en Hollandse vakbondleiers het 'n beroep gedoen op die vakbonde wat nog lid is van die kommunisties-beheerde Wêreldfederasie van Vakbonde om die terugtrekking van hul lidmaatskap in oorweging te neem.

In die beroep beskuldig die vakbondleiers die kommunistiese vakbonde daarvan dat hulle stelselmatig eise van politieke aard stel. Nadat op herhaaldelike geskille gewys is, word die ou groepering van 'n Kommunistiese Internasionale en 'n Internasionale Bond van Vrye Vakbonde in die vooruit sig gestel. Die oudste en mees ervare vakbonde sal buitekant die Wêreldfederasie wees, en die naam sal nie meer juis wees nie.

Die bekendmaking van die oproep val saam met besprekings om 'n nuwe internasionale liggaam van vakbonde in die lewe te roep.

Die verbroedering met rooi vakbonde het as gevolg van die afgelope oorlog ontstaan, toe Kommuniste rein geword het in die oë van demokrate.

BEGIN OP 21 APRIL

Die Statebondskonferensie wat deur die eerste ministers van die Gemenebes bygewoon word, begin op Donderdag, 21 April. Die Unie se Eerste Minister, dr. D. F. Malan, wat die vergadering ook bywoon, vertrek reeds op 14 April. Hy en sy eggenote reis met 'n Sky-master van die Suid-Afrikaanse lugdiens. Die konferensie sal na verwagting 'n week duur.

Dr. Malan sal ook die koning en koningin ontmoet.

Markstelsel Pas Net Middelman: Wysiging Beoog

Die stigting van 'n aantal klein markte in elke voorstad van die Unie waar boere op georganiseerde wyse hul vrugte en groente aan die publiek kan verkoop omdat die praktyk van 'n sentrale markstelsel wat ontaard het in 'n middelmark geheel en al uitgedien is, is 'n doelwit waarvoor invloedryke kringe hulle tans beywer, na verneem word.

Daar word gevoel dat die stelsel van 'n sentrale mark vir die platteland nog tot 'n mate doeltreffend is, maar dat die stelsel in die stede die toestand onhoudbaar maak omdat die meeste huisvrouens nie die geleentheid het om die sentrale mark te besoek en daar van die boer op groothandelskaal te koop nie. Sy word verplig om haar groente en vrugte van 'n venter te koop wat dit ten duurste aan haar afsmeer. Die feit dat die produk in sommige gevalle deur drie pare hande gaan voordat dit by die verbruiker kom, is dikwels die gevolg dat dit tot drie en vier maal soveel kos as wat die boer dit voor gelewer het, en daarby nie meer so vars is nie.

IN EUROPA

Die beoogde stelsel is in verskeie Europese lande in swang en beantwoord baie goed aan sy doel. Plaaslik sal dit 'n hele

omwenteling teweegbring en wetgewing, waarskynlik aanvulling van die Bemerkingswet van 1937 waaronder die Bemerkingsrade fungeer, sal nodig wees.

Die vrugteseisoen in die Bolland het so pas sy hoogtepunt bereik en terwyl Kaapstad grens aan die vrugteboorde is perskes verkoop teen 4d. stuk, of as jy gelukkig is teen 3d. stuk. Op die oomblik is die appeloos in volle gang. Terwyl die boer nie meer as 1jd. per appel kry nie, betaal die verbruiker aan die middelmark in Kaapstad 4d. vir 'n appel. Hoe verrot die huidige stelsel is blyk by voorbeeld treffend uit die volgende: 'n Boer verkoop 'n kas appels in die groothandel teen 14s. (of 168d. vir 150 appels wat bietjie meer is as 'n pennie per appel). Op die Kaapstadse Parade waar die middelmark dit aan die publiek verkoop, vra hy 4d. stuk vir dieselfde appels of 50s. per kistie.

Groot Vordering Met Navorsing Van Kinderverlamming

Twee Suid-Afrikaanse geneeshere het die stryd teen polio 'n stap verder gevoer deur suksesvolle proefnemings met 'n middel wat die verlamende uitwerking van die gevreesde siekte teenwerk.

Die proefneming het bestaan uit die inspuit van 'n middel in die spire wat die spiersametrekkings verminder sodat die spiere hul normale spanning hou. Die middel staan bekend as „etamon”. Die behandeling werk ook permanente vermindering teen.

Die twee geneeshere is dr. Joseph Lannon en dr. J. L. Braudo. In hospitaalkringe word hul ontdekking beskou as 'n groot voorwaartse stap in die bestryding van kinderverlamming.

Reeds sedert 1945 is aan die teorie gewerk toe verklaar is dat indien die bloedsomloop na die spiere verbeter kan word en die spiersametrekking wat hul oorsprong in die senustelsels het, teengewerk kan word, baie van die skadelike invloede van die siekte uitgeskakel kan word.

Gevalle waar die rug reeds verkrom was, het herstel nadat die pasiënt met die inspuitings behandel is. Ander pasiënte het dadelik verligting ondervind en geen permanente spierinkrimpings het voorgekom nie.

FONDSE

Die Nasionale kantoor van Polio-navorsing in Suid-Afrika, wat tans 'n veldtog loods om fondse in te samel vir navorsing, maak aansienlike vordering. Vyf-en-negentig werke komitees beywer hulle tans om die navorsing aan te help. Dr. E. H. Cluver, hoof van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing het onlangs

die land deurreis om belangstelling te wek.

Waarom moet Suid-Afrika dan so 'n groot aandeel neem in die stryd teen polio? vra mense dikwels. Nie alleen beskik Suid-Afrika oor wêreldberoemde wetenskaplikes op hierdie gebied nie, maar daar is ook 'n vrugbare studieterrrein omdat dit blyk dat die Bantoe onvatbaar is vir die siekte. Daarby beskik Suid-Afrika ook oor die blou-aap, waarop deeglik gekspereënte kan word.

GEEN STEUN VIR ONAFHANKLIKE

In die tussenverkiesing in wyle mnr. J. H. Hofmeyr se setel, Johannesburg-Noord, is 'n onafhanklike, mnr. P. J. Lötter, met 4,946 stemme verslaan deur, mnr. B. Bekker V.P.-kandidaat. Eersgenoemde het in sy verkiesingspropaganda verklaar dat hy vir apartheid staan as die enigste oplossing teen kommunisme en die swart gevaar.

Om een of ander rede het die H.N.P.-leiding 'n beroep op sy lede gedoen — ook in die pers — om in geen opsig deel te neem aan die verkiesing nie. Die 559 stemme wat mnr. Lötter ontvang het, toon dan ook dat die oproep gehoorsaam is. Die rede vir die buite stemming bly is nie duidelik nie, daar mnr. Lötter geen O.B. is nie, maar bekend is as 'n vurige ondersteuner van die H.N.P.

SPOORWEË MOET ONDER PARTYBEHEER UITKOM SÊ DESKUNDIGES

Die nadele verbonde aan die feit dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë onder politieke beheer in plaas van suiwer besigheidsbeheer geplaas is, het kenbaar na vore gekom met die verhoogde tariewe en die kommissie van ondersoek na griewe van personelede op politieke gronde.

In onderstaande artikel word verwys na die Raad van Handel en Nywerheid se bevindings drie jaar gelede wat aangedring het op die uitligting van die Spoorweë uit die partypolitieke beheer. Mnr. Harm Oost (A.P.) het dan ook tydens die debat in die Volksraad voorverlede week gesê dat hy selfs te vinde is vir 'n herskommeling van partye indien soiets daardeur bewerkstellig kan word.

Met die onlangse Spoorwegbegroting is die wyse waarop die Spoorweë beheer word weer druk bespreek. Op die oomblik word die Spoorweë beskou as 'n staatsdepartement en word as sodanig bestuur. Die enigste afwyking is die feit dat die Spoorwegbegroting apart van die gewone begroting behandel word. Die huishoudelike sake van die Spoorweë is egter oop vir bespreking net soos enige ander staatsdepartement.

Die vraag is gestel of dit nie beter sal wees indien die Spoorweë 'n bietjie meer „privaatheid“ kan kry nie, en 'n korporasie word soos die Yster en Staalkorporasie (Yskor) of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Escom), die Randse Wateraad ens. nie. Hierdie voorstel is van die hand gewys. Daarvoor is 'n paar redes en ook 'n paar goeie ekskuse aangehaal. Indien die redes baie goeie redes was, sou dit ook goeie redes gewees het om Yskor en Escom in staatsdepartemente om te skep — en dit is te betwyfel of iemand ooit die vrymoedigheid sal hê om dit voor te stel!

GESAGHEBBENDE KRITIEK

Dit sal seker die moeite loon om na te gaan wat die Raad van Handel en Nywerheid te sê het omtrent ons huidige Spoorwegbestuurswyse in hulle verslag m. 285 van 1946.

Die Raad rapporteer o.m. (ons kursiveer) soos volg:

„Art. 144. Ten einde die druk van politici en belanghebbendes

op die Spoorwegadministrasie te verminder en te sorg dat die Spoorweë volgens gesonde besigheidsbeginsels bestuur word, het die Zuid-Afrika Wet voorsiening gemaak vir die administrasie van die Spoorweë deur 'n Spoorwegraad door een Direkteur bestaande uit hoogstens drie Kommissarissen, welke door de Goeverneur-generaal in-Rade aangesteld worden en een Minister van Staat als voorsitter. As die Unie tien jaar later tot stand gekom het sou die Wet heelwaarskynlik bepaal het dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë 'n openbare korporasie moet wees.

Deur
A. J. van Rooy

SONDER FUNKSIE

„Art. 145. Die administratiewe masjinerie wat deur die Wet beoog is om te belet dat politieke druk op die Spoorweë uitgeoefen word is egter nooit geskep nie Uit die aard van die Raad (d.i. Spoorwegraad) se werk en sy samestelling is hy in werklikheid feitlik geheel en al sonder funksies gelaat.

„Art. 143 . . . Artikel 131 van die Wet bepaal daarenteen dat as die Regering van die Administrasie vereis dat hy dienste of

fasiliteite hetsy kosteloos verskaf of teen 'n tarief wat onvoldoende is om die uitgawe verbonde aan die verskaffing daarvan te bestry, die Spoorwegraad aan die einde van elke boekjaar aan die Parlement 'n rekening wat deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal goedgekeur is moet voorlê wat die bedrag aantoon van die verlies wat in verband met die verskaffing van hierdie dienste gely is, en hierdie verlies moet dan uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds aan die Spoorweë terugbetaal word

NIE NAGEKOM

„Art. 148. Sover die Raad kon vasstel, is die Spoorwegraad nooit die geleentheid gegee om die pligte uit te voer wat by die Zuid-Afrika Wet aan hom opgedra is nie. Geen rekening is aan die Parlement voorgelê ten opsigte van verliese in verband met nuwe bouwerk of die dienste en fasiliteite wat deur die Staat verkry is nie met die gevolg dat die Spoorwegadministrasie geen vergoeding ontvang het nie. Die Spoorwegraad verskaf dus nie die waarborg soos deur die opstellers van die Zuid-Afrika Wet beoog, naamlik om toe te sien dat die Spoorweë volgens besigheidsbeginsels bestuur word nie.

„Art. 151. Volgens die mening van die Raad moes die bedoeling van die betrokke klousules van die Zuid-Afrika Wet reeds lankal uitgevoer gewees het . . .

SOOS YSKOR

Aldus die verslag van die Raad van Handel en Nywerheid. Hierdie verslag gee taamlik duidelik uitspraak. Dit blyk dat die oorspronklike bedoeling was dat die Spoorweë bestuur sou word deur 'n direksie, netsoos bv. Yskor vandag, met die uitsondering dat 'n minister voorsitter van die direksie sou wees. Was dit tien jaar later dan sou die Spoorweë heelwaarskynlik uitdruklik 'n openbare korporasie geword het.

Ongelukkig is die status van die Spoorwegraad nie onmiddellik behoorlik bepaal nie. Art. 144 van die verslag van die Raad van Handel en Nywerheid meld verder: „Die Spoorwegraadwet wat uiteindelik in 1916 aangeneem is het die funksies van die Spoorweg- en Hawensraad tot 'n bloot raadgewende aard verminder. As troos vir hierdie verlaging van status het die Raad die suiwer negatiewe bevoegdheid ontvang om sy meningsverskil met die Minister te boekstaaf sonder dat daar masjinerie bestaan waardeur die Raad die saak na so 'n meningsverskil verder kan voer.

KABINET DIE BAAS

Dit blyk dus duidelik dat die Minister i.p.v. net voorsitter van Spoorwegraad te wees, die hele gesag van die Spoorwegraad op hom geneem het, en dit so-doende oorgedra het na die Kabinet en die Volksraad. Die Volksraad is dus nou in die praktyk ook „Spoorwegraad“, terwyl die eintlike Spoorweg- (Vervolg in volgende kolom)

Kroon Sal Deur Verdrag Vervang Moet Word

Tussen die kroon en die republiek bestaan daar geen middeleg nie. Jy is of binne die Statebond of jy is heeltemal daarbuite, het veldm. J. C. Smuts, leier van die Opposisie, die naweek verklaar toe hy die aanspraak van Indië behandel het om 'n onafhanklike republiek te word wat nie binne die Britse kroon staat nie en ook nie binne die raamwerk van die Statebond pas nie maar wat tog met die Statebond betrekings wil handhaaf.

Indië is begerig om as 'n onafhanklike republiek buite die Statebond sommige van die voordele te handhaaf wat voortvloei uit 'n verhouding met die Statebond. Die vraag of 'n aanspraak van die aard toelaatbaar is op grond van enige voorwaardes of formulering wat ontwikkel kan word sal op die Statebondskonferensie uitgemaak moet word.

„My persoonlike oortuiging is dat daar geen middeleg tussen die kroon en die republiek, tussen die binne of buite die Statebond is nie. Jy is of daarbinne of daarbuite en as jy verkies om daarbuite te wees, is jy heeltemal daarbuite en nie volgens voorwaardes wat ontwerp kan word nie. Dit is die geval van die uitgeslote middel“, aldus genl. Smuts.

SONDER BETEKENIS

„As jy op een of ander newelagtige en verwarde wyse daarbinne en daarbuite kan wees, is die hele begrip van die Statebond tot niet en al wat daar oorbly is die naam sonder betekenis.“

„Dit spruit uit die aard van die Statebond. Dit hang saam met die Kroon en is nie afhanklik van 'n geskrewe Grondwet nie. Dit is net 'n ongeskrewe, vrye, vriendelike verhouding van gelykes, die een met die ander onder die Kroon, in wat die Statebond genoem word.

DIE WESE

„Die Koning of Kroon, of 'n soortgelyke instelling is die wese van die Statebond en daaruit vloei die gemeenskaplike

status van die diepgaande gevoel wat die siel van die Statebond is.

„In die teorie is die koningskap alles en die res vloei daaruit. Verwyder die Koning en die res verdwyn . . . die gemeenskaplike trou, die gemeenskaplike status, die vriendelike en intieme gevoel wat die Statebond as geheel besiel.“

Veldm. Smuts het gesê dat as daar aan die begrip van die Statebond gepeuter word, sal daar 'n nuwe grondslag of ooreenkomst tussen die ledestate gevind moet word. Wat Indië begeer is nie verenigbaar met die Statebond nie.

NET VERDRAG

„Groot sorg moet gedra word om die Statebond nie van alle inhoud te ledig nie, om dit nie af te snipper totdat niks anders as die woord sonder werklike betekenis of gewig oorbly nie. Dan sal dit beter wees om dit heeltemal te laat vaar.“

Die duidelike begrip van die Statebond moet ongeskonde bly en nie in vae verhoudinge ondergedompel word nie. Indien Indië 'n onafhanklike republiek buite die Statebond wil word, is daar vir hom net die weg van verdrae oop as hy enige betrekking met die Statebond wil handhaaf,“ het veldm. Smuts besluit.

Die O.B. stem volkome saam met genl. Smuts se stelling, met dié verskil dat waar hy verkies om binne te wees, ons buite wil wees. 'n Verdrag is voldoende vir gemeenskaplike optrede teen Rusland — dit getuig die Noord-Atlantiese Verbond.

Republiek in Yskas

(Vervolg van bls. 1 kol. 3) verenig. „Dit is 'n keerpunt in die geskiedenis van ons land,“ het die Senator gesê. Nou dat dr. Malan daarin geslaag het om al die blankes met hom saam te voer, hoop hy die Eerste Minister sal ook die samewerking van die nie-blankes soek.

NUWE OPVATTING

Sen. Duthie (Arb.) het gesê dat die toespraak hom 'n nuwe opvatting van dr. Malan gegee het, terwyl sen. Barrell (V.P.) die mening uitgespreek het dat die toespraak 'n nuwe begin inlui.

Die Cape Times se verslag meld dat daar ongelukkig 'n anti-klimaks in die debat veroorsaak was deur sen. Verwoerd se poging „om die kiesers daarbuite“ te verseker dat die Eerste Minister se toespraak geen verandering van beleid beteken nie.

Dat daar egter wel 'n verandering van front was, erken ook Die Burger se parlementêre beriggewer deur te praat van „'n nuwe klank“. Dit beteken dat hierdie klank voorheen nie verneem was nie, en omdat dit nou verneem word, is die Verenigde Party so in hul skik dat hulle dit aanvaar as „'n keerpunt in ons geskiedenis“.

SWAAR SLAG

Dat dr. Malan se toegewing

aan die imperialiste juis op hierdie tydstip moet kom wanneer Ierland 'n republiek word en Indië besig is om een te word met die klaarblyklike toestemming van Engeland, is vir die republikeinse rigting in ons land 'n harde slag. Nog nooit was die omstandighede vir 'n republiek gunstiger as juis in hierdie April-maand nie. Brittanje is oor die dominiums meer verleë as ooit tevore — vandaar sy gewilligheid om agter hulle aan te hardloop met 'n republikeinse verloofbrief soos in die geval van Indië.

AFDING-TYD

Die bedoeling is wel seker om deur toestemming tot republiekwording die loyaliteit van die dominiums te koop, maar dit bly nog altyd net 'n Britse hoop en geen verpligting hoof aanvaar te word om dit wel te gee nie.

Dit was nou die tyd om af te ding in Londen, maar tensy dr. Malan tot nuwe insigte beweeg word, sal ons volk genoeë moet neem met die feit dat sy Nasionale Eerste Minister by voorbaat 'n aanbod tot groter vryheid van die hand gewys het. Dr. Malan staan „vierkant“ by die huidige status, en hy het hom in die parlement gebind tot die handhawing daarvan.

Het Gepraat Na Volk se Hart

(Vervolg van bls. 1 kol. 5) die Nasionale Afrikanerdom terwille van alles wat sy voorgeslag heilig was en 'n volk dierbaar is, die stryd om republikeinse vryheid voer.

„Reeds voor die oorlog, soos blyk uit die opname in 1935 van die republikeinse doelstelling in die Nasionale Party se Pro-

(Vervolg van vorige kolom) raad vir sy lede seker 'n baie aangename liggaam moet wees.

Wat hierdie saak betref is die Zuid-Afrika Wet dus feitlik oorbord, wat nogal jammer is, aangesien dit opgestel is „ten einde die druk van politici en belanghebbendes op die Spoorwegadministrasie te verminder en te sorg dat die Spoorweë volgens gesonde besigheidsbeginsels beattuur word.“

WAAR DIE FOUT LE

Persone wat voel dat hulle die slagoffers geword het van „die druk van politici“ of persone wat kla dat hulle te duur moet betaal vir hulle reiskaartjies en dit wyf aan 'n gebrek aan „gesonde besigheidsbeginsels“ weet nou presies waar om die fout te soek.

Indien ons eendag Suid-Afrika in 'n model-republiek wil omskep sal ons die foute wat hier begaan is ook moet herstel, en van die Spoorweë i.p.v. 'n staatsdepartement 'n openbare korporasie maak.

gram van Beginsels, het die grootste deel van die nasionaalvoelendes besef dat die bande met Engeland en sy Ryk, in die woorde van dr. Malan, die bevordering en praktiese uitwerking van ons eie nasieskap in die pad staan; dat dit die grondoorsaak is van die wrywing en van onophoudelike bittere verdeeldheid tussen Afrikaners; dat dit die oplossing van ons grootste en dringendste vraagstukke belemmer en dat dit ons keer op keer met groot opofferings in Brittanje se oorloë beland. En reeds voor die oorlog het die Nasionale Afrikanerdom die treurige feit aanvaar dat solank die Britse konneksie bestaan, die Engelsprekendes beswaarlik daartoe sal kom om 'n Suid-Afrikaanse nasieskap te ontwikkel en ons vraagstukke van 'n Suid-Afrikaanse standpunt te besien, maar hulself en Suid-Afrika steeds as 'n aanhangsel en 'n gewillige werktuig van Engeland sal beskou.“ Aldus die blad.

Hierdie standpunt het die Ossewabrandwag in 1942 onderskryf en hy kan nie anders as om vandag nog daarby te staan nie.

„DIE O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.